BEHANDELINGSENTRUM vir
SUBSTANS-AFHANKLIKHEID

STABILIS
TREATMENT CENTRE

Substans-misbruik en –afhanklikheid raak die totale persoon, en soms het dit vernietigende gevolge vir die persoon en sy/haar omgewing. Wanneer die totaliteit van die mens deur substans-misbruik en -afhanklikheid bedreig word, word ‘n multi-dimensionele benadering tot intervensie en behandeling benodig.

TEL/FAKS: (012) 333 7702
E-POS: info@stabilistc.co.za
www. Stabilis.org.za
Haarhoffstraat Oos 1229, Pretoria

“Jou lewensvreugde is ons strewe”





Stabilis Behandeling Sentrum is 'n geakkrediteerde en geregistreerde sentrum wat 'n behandelings-program vir alkohol-, medikasie- en dwelmafhanklikheid aanbied. Dit is as 'n binne- en buite-pasiënt, asook 'n detoksifikasie fasiliteit geregistreer.

Detoksifikasie. Detoksifikasie word gefasiliteer deur 'n mediese dokter, sowel as 'n psigiater. Die pasiënt se onttrekking word deeglik deur ons 24/7 mediese personeel gemonitor. Die tydperk van behandeling is 24 tot 35 dae, afhangende van die substans. Behandeling vir detoksifikasie is 7 tot 14. Buite-pasiënt behandeling mag na die detoksifikasie oorweeg word, asook vir persone onder die ouderdom van 18 jaar.

Die rehabilitasieprogram bestaan uit groep- en individuele terapie, wat die volgende multidissiplinêre spanlede insluit: n Psigiater, mediese dokter, predikant, arbeids- & kunsterapeut, geregistreerde sielkundiges & maatskap-like werkers; en verpleegkundiges wat 24 uur per dag beskikbaar is.

Stabilis Behandeling Sentrum beskik ook oor avontuur-terapeutiese fasiliteite. Die behandelingsprogram sluit ook verdere psigo-opvoedkundige sessies in, waar-tydens mediese lesings die nodige inligting verskaf rakende die negatiewe effekte van afhanklikheid op die menslike liggaam. Hierdie sessies poog om die persoon te begelei tot ingeligte en volhoubare besluitnemings.

Die doel van die terapie is om die pasiënt tot verandering en groei te bemagtig ten einde weer te kan groei en ontwikkel tot 'n leefstyl van LEWENSVREUGDE.

Daaglikse vrywillige geestelike sessies fokus op die belewenis van geloof-sekerheid, vergifnis en die integrasie van die pasiënt se lewensstyl.

Gedurende die laaste week van die behandeling word die eggenoot of "betekenisvolle ander" van die pasiënt ook in die terapeutiese program betrek.

Nasorgprogram. Daar word vrywillige individuele psigo-sosiale programme aan-gebied, wat op die unieke behoeftes van die substans-afhanklike en sy/haar sis-teem fokus. Ondersteuningsprogramme deur die CAD, AA en NA word aangebied.

Akkommodasie. Die pasiënte se verblyf word so gemaklik as moontlik gemaak deur die skep van 'n ontspanne en huislike atmosfeer. Eksklusiewe VIP privaat-kamers is ook op versoek beskikbaar.

Behandelingskoste. Doen navraag by Stabilis Behandeling Sentrum rakende die tariewe. Die meeste mediese fondse betaal die koste vir minstens drie weke se behandeling.

Vryetydsbesteding word aangemoedig en die volgende aktiwiteite is onder andere beskikbaar: snoeker, veerpyltjies, vlugbal, tafeltennis, M-Net, bordspeletjies, gimnasium, putt-putt baan en snoepwinkel.

'n Gebalanseerde spyskaart (spesifiek deur 'n dieetkundige opgestel vir die unieke behoeftes van ons pasiënte) word gevolg en voorsiening word vir diabetiese, lae cholesterol, vegetariese en halaal diëte gemaak.

Opnames. Stabilis mag 7/ 24/ 365 persone opneem.

By Stabilis Behandeling Sentrum is ons trots op die werk wat ons doen en die pasiënte word as mense met unieke behoeftes wat die innerlike motivering het om te verander, te genees en te groei ... as mens.